

**23 Junie**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:13-26**

### **Christelike vryheid teenoor losbandigheid**

Wanneer ons oor Christelike vryheid praat, meen sommige gelowiges dat dit beteken dat 'n mens eenvoudig kan doen wat jy wil, soos jy wil en wanneer jy wil. Wie só dink, kyk die werklikheid mis dat ons in 'n deurlopende stryd gewikkel is teen ons drie doodsvyande, naamlik die Satan, die wêreld wat teen God in opstand is en ook ons ou sondige natuur (HK, So 52).

Ons probleem is juis hierdie derde doodsvyand, die verraaier in ons wat probeer om ons weerstand teen die kwaad te laat verkrummel. Christus het weliswaar hierdie doodsvyand oorwin (5:24), maar ons ou sondige natuur weier om sy eie dood te aanvaar. Hy wil uit sy dood opstaan. Hy wil hom in ons laat geld tot ons dood toe – die ewige dood in die hel. Die Heilige Gees woon in elke gelowige (Rom 8:9). Hy lei ons om ons geloof te bely en om daardie geloof in ons doen en late uit te leef. Hy lei ons om as verlose sondaars dankbaar tot die eer van die Here te leef.

Natuurlik is dit moontlik om die leiding van die Heilige Gees te weerstaan en Hom só te bedroef. Dit is, daarenteen, moontlik om toe te gee aan die begeertes van die ou sondige natuur. Vandaar kom die oproep (5:16): “Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie.”

*Sing: Psalm 116:1 Ds JH Jordaan (Kimberley)*